

10 Julie

Skrifgedeelte: Kolossense 1:15-20

Fokusgedeelte: Kolossense 1:16

U is die Christus!

In hierdie verse hoor ons die hartklop van ons geloof. Uit hierdie verse bely ons een Here, Jesus Christus, die Eniggebore Seun van God, gebore uit die Vader voor alle eeue, Lig uit lig, waaragtige God uit waaragtige God, gebore, nie gemaak nie, van dieselfde wese met die Vader, deur Wie alle dinge gemaak is.

Met hierdie verse oorrampel ons almal wat meen dat Jesus nie regtig so belangrik is nie, of maar net een van die baie paaie hemel toe is. Want dit is wat Paulus met hierdie verse aan die Kolossense wou leer. Dat Petrus se antwoord aan Jesus in Matteus 16:16 deur al die eeue geleer, verkondig en verdedig moet word: U is die Christus, die Seun van die lewende God.

Paulus beklemtoon dat God Homself in Christus openbaar en sy Heerlikheid in Hom weerspieël. Christus kom openbaar aan ons God se werk in die skepping sowel as in die verlossing. Want die Woord het mens geword en onder ons kom woon, en ons het sy heerlikheid gesien – nie ten spyte van sy mensheid nie, maar juis ín sy mensheid. So heerlijk is Hy! Só groots! Só geheimenisvol! Só vol liefde! Die enigste manier om God te ken, is om Hom in hierdie gestalte te leer ken, te sien, te ontdek. In die vlees, as mens, as dienskneg, aan die kruis. Wie Hom gesien het, het die Vader gesien, skryf Johannes, Hy is die Weg, die Waarheid en die Lewe.

Presies dit wil Kolossense aan ons verkondig. Jesus Christus is die beeld, die gestalte van God, die Een in Wie God kenbaar, herkenbaar, sigbaar word, die Een in Wie God Hom uitspreek en aan ons bekend maak. In Hom is die volle wese van God beliggaam, woon die volheid van God liggaamlik, sodat wie deel in Hom, ook reeds deel in die volheid van God.

Dit beteken vir ons, soos dit was vir die gelowiges in Kolosse, dat ons geen ander magte, of kragte, of elemente hoef te vrees nie. Christus is die Here, die Hoof, en ons behoort aan Hom. In Hom is ons veilig, selfs deur die dood heen. In Hom ken en sien ons God, nou, en tot in ewigheid!

Sing: Skrifberyming 1-1:1 en 7

Ds WGM Kotze (Rooihuiskraal)